Gedurende die onlangse maande het die owerhede verdere beleidsmaatreëls aangekondig in 'n poging om ekonomiese groei te stimuleer sonder om inflasie te vererger. Hierdie beleidswysigings het ingesluit die verlaging van amptelike rentekoerse, die afskaffing vanaf 1 November van die plafonne op bankkrediet en die vervanging daarvan met likwiede bate- en kontantreserweverreistes, die verslapping van huurkoopkredietbepelings, die vroeë terugbetaling van die 1966-leningsheffing en die vermindering van die verkoopreg op sekere goedere. Teen die agtergrond van die verbeterde betalingsbalanstoestand is 'n nuwe vaste pariteit vir die rand ook met ingang 25 Oktober vasgestel, terwyl invoerbeheer verder verslap is.

Die bykans dramatiese ommekeer in Suid-Afrika se betalingsbalans as geheel vanaf die begin van 1972 het tot in die derde kwartaal voortgeduur en oorskotte is op sowel die lopende as kapitaalrekening aange-teken. Die netto invloeiing van kapitaal was kleiner gedurende die derde kwartaal as gedurende die tweede kwartaal, maar die lopende rekening van die betalingsbalans het in so 'n mate verbeter dat die totale goud- en ander buitelandse reserwes tot 'n peil van ongeveer R1 000 miljoen aan die einde van September 1972 toegeneem het. Daarná het dit verder gestyg. Die verbetering in die lopende rekening van die betalingsbalans het nie alleen uit 'n skerp daling in goedere-invoere gespruit nie, maar ook uit 'n aansienlike styging in die netto goudproduksie en goedere-uitvoere. Die waarde van invoere het vanaf die begin van 1971 'n besliste afwaartse neiging getoon en indien die skerp styging in invoerpryse in berekening gebring word, het die volume van invoere baie meer opmerklik afgeneem. Verslappings van invoerbeheer is derhalwe in Junie, Julie en Oktober 1972 aangekondig.

Die styging in die netto goudproduksie en goedere-uitvoere het nie slegs voortgespruit uit die hoër randwaarde verdien na die devaluasie in Desember en die verdere depresiasie van die rand na Junie nie, maar ook uit 'n opmerklike verbetering in internasionale kommoditeitsmarkte. Teen hierdie agtergrond het die regering 'n nuwe pariteitswaarde vir die rand van R29,75 per fyn ons goud vanaf 25 Oktober vasgestel. Dit verteenwoordig 'n amptelike devaluasie van 4,20 persent van die pariteitswaarde wat in Desember 1971 vasgestel is en terselfdertyd 'n *de facto* appresiasie van ongeveer 4 persent van die markwisselkoerse vir die rand op daardie stadium.

Die hoër inkomste wat deur uitvoerders, in besonder die mynbou- en die landbousektor, verdien is, het in 'n belangrike mate tot die aanmerklike styging in die bruto binnelandse produk teen markpryse bygedra. Boonop het die fabriekswesesektor daarin geslaag om sy winste te vergroot sonder enige styging in produksie per man-uur. Dit is hoofsaaklik bereik deur die omset te verhoog deur 'n intering op voorrade. Die koste verbonde aan die hou van voorrade het gevolglik afgeneem. Afgesien van die verbetering in die internasionale kommoditeitsmarkte, het gunstige klimaats-toestande tot rekord mielie- en ander landbou-oeste gelei. So het die landbousektor nie slegs aansienlik tot 'n versnelling in die totale groeikoers van die volkshuishouding gedurende die derde kwartaal van 1972, gemeet teen heersende markpryse, bygedra nie, maar ook tot 'n versnelling in die reële groeikoers van die ekonomie as geheel. Die reële produksie van die nie-landbousektore van die volkshuishouding het egter nie enige beduidende verdere versnelling gedurende die derde kwartaal getoon nie, alhoewel dit op 'n effens hoër peil as gedurende die eerste helfte van 1972 was.

'n Aantal uitbreidende kragte wat mag meewerk om algemene ekonomiese bedrywigheid te laat herleef, is egter tans aan die werk. Hoër uitvoerverdienste het reeds 'n proses van inkomeskepping begin wat tot 'n stimulering van verbruiksbesteding en investering behoort te lei. 'n Verdere ontginning van uitvoermarkte gesien die nuwe pariteit vir die rand mag ook tot 'n oplewing bydra. Binnelandse vraag word ook gestimuleer deur die kapitaalbesteding van die openbare sektor (hoofsaaklik die S.A.Spoorweë, die Poskantoor en openbare korporasies soos Yskor) en die mynbou- sektor as gevolg van die platina uitbreidingsprogram. Indien persoonlike beskikbare inkome (uitgesonderd landbou-inkome), wat gedurende die afgelope twaalf maande slegs 'n matige styging getoon het, in die komende twaalf maande vinniger sou styg, sou dit ook verbruiksbesteding stimuleer. Met die relatief lae peil van voorrade sal 'n oplewing in die binnelandse vraag gou lei tot nuwe bestellings en tot groter gebruik van produksiekapasiteit en tot hoër investering.

'n Ander belangrike kenmerk van die huidige ekonomiese toestand is die betreklik hoë koers van prysstygings. Met die verbruikersprysindeks wat teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 7,3 persent vanaf Oktober 1971 tot Oktober 1972 gestyg het, is dit belangrik om die onderliggende oorsake van hierdie hoë koers van toename te identifiseer ten einde te oordeel of die versnelling in die nabye toekoms sal

voortduur. Die huidige inflasie is nie toe te skryf aan oormatige vraag, soos wat wel vanaf die begin van 1969 tot goed in 1971 die geval was nie. Dit is ook nie 'n tipiese loon-druk klas van inflasie nie. Dit kom voor asof dit gedeeltelik 'n oorblyfsel van die vorige tydperk van vraag-trek inflasie is, maar is ook in 'n groot mate die onvermydelike gevolg van die onlangse wisselkoersaanpassings, die volgehoue wêreldwye inflasie en die toename in binnelandse pryse van voedsel en dienste. Hierdie oorsake van inflasie kan derhalwe nie deur middel van beperkende monetêre en fiskale maatreëls teengewerk word soos dié wat nodig was gedurende die tydperk van vraag-trek inflasie nie. Daar moet egter op hierdie stadium teen 'n onnodige ekspansionistiese monetêre beleid gewaak word, veral in die lig van die skerp styging in die hoeveelheid geld en kwasi-geld. Die twee belangrikste oorsake van die huidige inflasie, naamlik die pryseffek van die devaluasie en die skerp styging in voedselpryse, sal na verwagting nie dieselfde voortgesette uitwerking op pryse in die nabye toekoms hê nie.

In die finansiële markte heers 'n betreklik ruim toestand met bankkrediet geredelik beskikbaar, vastentredende beleggings meer gewild en die effekteurs lewendig. Die betalingsbalansposisie en geld- en kapitaalmarktoestand word derhalwe in toenemende mate bevorderlik vir die herlewing van reële ekonomiese bedryfheid.


Nasionale rekeninge

Hoër koers van toename in bruto binnelandse produk

Nadat dit gedurende die eerste kwartaal toegeneem het en gedurende die tweede kwartaal bykans onveranderd gebly het, het die koers van toename in die bruto binnelandse produk teen heersende markpryse gedurende die derde kwartaal van 1972 merkbaar toegeneem. Hierdie verdere versnelling is geheel en al toe te skryf aan 'n aansienlike styging in die bruto bedryfsurplus (hoofsaaklik winste) wat meer as vergoed het vir die daling in die koers van toename in die vergoeding van werknemers. Die bruto bedryfsurplus het dus teen progressief hoër koerse gedurende die eerste drie kwartale van 1972 toegeneem en met die koers van toename in salarisse en lone wat terselfdertyd verminder het, het die relatiewe aandeel van laasgenoemde in die bruto binnelandse produk gedurende 1972 deurgaans gedaal, nadat dit gedurende 'n aantal opeenvolgende jare toegeneem het.

Die skerp styging in die bruto bedryfsurplus het hoofsaaklik uit 'n aansienlike styging in die winste van landbou, mynbou en private fabriekswese voortgespruit. Klimaatstoestande gedurende die afgelope seisoen was uitermate gunstig vir die landbou en die skerp styging in kontantinkomste as gevolg van die rekord mielie-oes het aansienlik tot die styging in die landbou se bedryfsurplus in die derde kwartaal bygedra. Hierbenewens het die buitengewoon hoë

Bruto binnelandse produk



pryse wat vir vleis, ander veeteeltprodukte en groente behaal is die landbousektor verder gestimuleer. Die goudmynbedryf het weer eens deur die betreklik hoë goudprys op die private mark gebaat. Nieteenstaande hoër eenheidskoste vanweë die ontginning van laergraad-erts het die winste van goudmyne gedurende die afgelope kwartaal merkbaar toegeneem. Boonop het die betreklik hoë heersende pryse op die internasionale markte vir metale en minerale, diamant- en ander mynmaatskappye in staat gestel om hul winste aansienlik te verhoog. Die bruto bedryfsurplus van private fabriekswese het gedurende die derde kwartaal wesenlik verbeter nadat 'n daling gedurende die tweede kwartaal aangeteken is. Hierdie styging het egter voorgekom sonder 'n gepaardgaande toename in die volume van produksie en dit wil voorkom asof dit hoofsaaklik die gevolg van 'n intering op voorrade was. In teenstelling met die aansienlike toename in die winste van die primêre en vervaardigingsektore, het die bedryfsurplus van die dienstesektore van die volkshuishouding min verandering getoon. In die geval van die distribusiehandel het die swak vertoning van die kleinhandel veroorsaak dat die bruto bedryfsurplus onveranderd gebly het nadat 'n afname in die tweede kwartaal waargeneem is.

Alhoewel prysstygings 'n belangrike invloed op die skerp toename in bruto binnelandse produk gedurende die derde kwartaal gehad het, het die koers van toe-

name in die reële bruto binnelandse produk ook aanmerklik versnel. Hierdie versnelling in reële ekonomiese aktiwiteit was egter feitlik uitsluitlik die gevolg van 'n merkbare styging in landbouproduksie. Die toename in die produksie van die nie-landbousektore van die volkshuishouding het nie enige noemenswaardige verdere versnelling gedurende die derde kwartaal getoon nie. Nogtans was nie-landbouproduksie in die derde kwartaal op 'n effens hoër peil as gedurende die eerste helfte van 1972. Dit wil dus voorkom asof die stimulerende maatreëls wat gedurende die afgelope jaar deur die owerhede getref is, 'n geleidelike uitwerking het maar dat daar klaarblyklik meer tyd nodig is vir die volkshuishouding om 'n betekenisvolle versnelling in reële ekonomiese groei te toon.

Toename in bruto binnelandse besteding


Nadat dit gedurende die tweede kwartaal van 1972 gedaal het, het die totale binnelandse monetêre vraag na goedere en dienste, soos deur bruto binnelandse besteding gemeet, gedurende die derde kwartaal merkbaar toegeneem. Die toename in bruto binnelandse besteding was egter aansienlik kleiner as die toename in bruto nasionale produk met die gevolg dat bruto binnelandse besteding vir die eerste keer sedert die eerste kwartaal van 1969 laer as die bruto nasionale produk was. Hierdie ontwikkeling is ook in die aanmerklike toename in die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende die kwartaal onder beskouing weerspieël.

Die toename in bruto binnelandse besteding het voorgekom ten spyte van 'n aansienlike afname in voorrade en was hoofsaaklik die gevolg van 'n merkbare versnelling in die koerse van toename in bruto binnelandse vaste investering en, in 'n mindere mate, in private verbruiksbesteding. Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het gedurende die derde kwartaal teen 'n laer koers as gedurende die tweede kwartaal toegeneem.

Versnelling in die koers van toename in private verbruiksbesteding

Nadat dit vir drie opeenvolgende kwartale stadiger gestyg het, het private verbruiksbesteding gedurende die derde kwartaal versnel as gevolg van skerp stygings in besteding aan sowel nie-duursame as duursame goedere. In die geval van nie-duursame goedere was die hoë voedselpriese regdeur die derde kwartaal hoofsaaklik vir die styging verantwoordelik. Die toename in besteding aan duursame goedere is grootliks deur die styging tussen die tweede en die derde kwartaal in die gemiddelde peil van die aantal nuwe motors verkoop verantwoord. Die werklike aantal nuwe motors verkoop het egter vanaf Junie tot Oktober 1972 gedaal. Besteding aan dienste het ook effens vinniger toegeneem, maar private verbruikersuitgawes aan semi-duursame goedere het gedurende sowel die tweede as derde kwartaal teen dieselfde betreklik lae

Verbruiksbesteding deur algemene owerheid



koers toegeneem. Alhoewel private verbruiksbesteding teen heersende pryse gedurende die derde kwartaal teen 'n vinniger koers toegeneem het, het die koers van toename in die besteding teen konstante pryse op ongeveer dieselfde betreklik lae pail as gedurende die tweede kwartaal gebly.


Die laer koers van toename in owerheidsverbruiksbesteding is nie verbasend nie gesien in die lig van die amptelike beleidsdoelstelling om oormatige stygings in owerheidsbesteding te beperk. Die owerheid het hierdie doelstelling verwesenlik aangesien owerheidsverbruiksbesteding slegs 'n klein styging tussen die derde kwartaal van 1971 en die ooreenstemmende kwartaal van 1972 getoon het.

Hoë koers van toename in bruto binnelandse vaste investering

Bruto binnelandse vaste investering het gedurende die kwartaal onder bespreking teen 'n baie hoë koers toegeneem nadat dit slegs matig tussen die vierde kwartaal van 1971 en die tweede kwartaal van 1972 gestyg het. Aansienlike toenames in die kapitaalbesteding deur openbare owerhede en openbare korporasies was in 'n groot mate vir hierdie toename verantwoordelik, terwyl vaste investering deur die private sektor traag gebly het.

Die grootste styging in vaste investering het in die sektor vervoer, opberging en kommunikasie voorgekom, hoofsaaklik as gevolg van 'n aansienlike styging in kapitaalbesteding aan masjinerie, vervoer- en ander toerusting deur die S.A.Spoorweë. Die toename in kapitaalbesteding deur fabriekswese kan hoofsaaklik aan uitbreidingsprogramme van die basiese metaalnywerheid (hoofsaaklik Yskor) en die chemiese nywerheid toegeskryf word. As die stygings in kapitaalbesteding van hierdie twee vertakings van fabriekswese uitgesluit word, toon die res van die fabriekswesesektor gedurende die derde kwartaal van 1972 'n

Bruto vaste investering




*Uitgesonderd S.A. Spoorweë

absolute afname in vaste investering. Enige algemene opswaai in vaste kapitaaluitgawes deur die private fabriekswese sal waarskynlik eers na 'n algemene herstel in die reële produksie, en na die uitkakeling van meeste van die bestaande surplusproduksiekapasiteit, voorkom. Toenames in vaste investering deur landbou, mynbou, elektrisiteit, gas en water, en die sektor finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste het almal tot die styging in totale vaste investering bygedra. Vaste investering deur die sektor wat gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste voorsien, het egter matig gedaal as gevolg van 'n afname in kapitaaluitgawes deur die algemene owerheid.

Wat die batesamestelling van die bruto vaste investering betref, is dit opmerklik dat die styging wat gedurende die derde kwartaal voorgekom het, feitlik uitsluitlik die gevolg was van 'n styging in kapitaalbesteding aan masjinerie en toerusting, waarby vervoertoerusting ingesluit is, terwyl investering in geboue en konstruksiewerke min verandering getoon het.

Totale voorrade uitgesonderd landbouvoorrade



Verdere skerp afname in voorrade

Nieteenstaande 'n toename in landbouvoorrade in die handel, het die peil van voorrade gedurende die derde kwartaal van 1972 skerp gedaal. Dit was die tweede agtereenvolgende kwartaal waarin 'n afname in totale voorrade voorgekom het en die vierde agtereenvolgende kwartaal waarin nywerheids- en handelsvoorrade 'n afname getoon het. Die verhouding van nywerheids- en handelsvoorrade (uitgesonderd landbouvoorrade) tot die bruto binnelandse produk het nou 'n peil bereik wat laer is as die gemiddelde vir die afgelope tien jare en dit is derhalwe waarskynlik dat 'n toename in vraag binnekort tot hoër binnelandse produksie en/of hoër invoere sal lei. Soos hierbo gemeld, het die afname in nywerheidsvoorrade die fabriekswesesektor in staat gestel om sy winste te verhoog. Aangesien 'n groot deel van die afname in nywerheidsvoorrade in die nywerhede wat kapitaal-goedere produseer voorgekom het, kan die skerp styging in kapitaalbesteding aan masjinerie en toerusting waarskynlik gedeeltelik die afname in voorrade verklaar.

Aansienlike verbetering in bruto binnelandse besparing

Bruto binnelandse besparing het gedurende die tweede kwartaal van 1972 merkbaar gestyg en 'n verdere aansienlike verbetering is gedurende die derde kwartaal waargeneem. As gevolg van hierdie verdere verbetering, het die bruto binnelandse besparing die bruto binnelandse investering (die totaal van bruto vaste investering en netto veranderinge in voorrade) oorskry, en oorskotfondse was vir toevoegings tot die goud- en ander buitelandse reserwes beskikbaar. Persoonlike besparing, wat aansienlik tot die toename in totale besparing gedurende die tweede kwartaal bygedra het, het as gevolg van die aanmerklike toename in landbou-inkomste gedurende die derde kwartaal weer gestyg. Maatskappybesparing sowel as die lopende surplus van die algemene owerheid het ook tot die styging in bruto binnelandse besparing gedurende die derde kwartaal van 1972 bygedra.

Algemene ekonomiese aanwysers

Verskeie ekonomiese aanwysers bevestig die indruk wat uit die nasionale rekeninge verkry is, naamlik dat die koers van toename in reële ekonomiese bedrywigheid tot die derde kwartaal van 1972 nog nie veel momentum gekry het nie.

Betreklik trae fabrieksproduksie

Vir feitlik twee jare het fabrieksproduksie betreklik stadig gegroei. Gedurende die eerste nege maande van 1972 was die gemiddelde vlak van die volume van fabrieksproduksie ongeveer 2,5 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar, vergeleke met 'n styging van 2,0 persent gedurende 1971 in verhouding tot 1970. Alhoewel die groeikoers van fabrieksproduksie dus gedurende 1972 op 'n ietwat hoër vlak as gedurende 1971 was, is daar geen duidelike tekens van 'n versnelling gedurende die derde kwartaal van 1972 nie. In werklikheid word beraam dat die gemiddelde vir die derde kwartaal van 1972 ietwat laer as dié van die tweede kwartaal was, en dit dui daarop dat die ekspansionistiese kragte nog nie na hoër fabrieksproduksie deurgewerk het nie. Die indeks vir onvoltooide bestellings in die fabriekswese het ook tot Augustus 1972, die laaste maand waarvoor inligting beskikbaar is, 'n dalende neiging getoon. Aangesien hierdie indeks normaalweg 'n aanduiding van toekomstige neigings in produksie gee, word 'n snelle opswaai in fabrieksproduksie in die onmiddellike toekoms dus nog nie aangedui nie.

Daling in mynbouproduksie

'n Daling van 6,6 persent in die gemiddelde maandelikse volume van goudproduksie in die eerste nege maande van 1972, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1971, het 'n aansienlike toename in ander mynbouproduksie meer as geneutraliseer sodat

Produksie



die totale volume van mynbouproduksie nog met 3,7 persent oor die betrokke tydperk gedaal het. Die fisiese volume van gouderts gemaal, het egter met minder as die kilogram goud geproduseer gedaal, naamlik met slegs 2,8 persent gedurende die eerste nege maande van 1972 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar. Terselfdertyd het die graad van gouderts gemaal met 3,8 persent gedaal. Gedurende die loop van 1972 het die graad van erts gemaal selfs vinniger gedaal, naamlik van 13,12 gram per ton gemaal in die vierde kwartaal van 1971 tot 12,37 gram per ton gemaal in die derde kwartaal van 1972.

Laer aktiwiteit in konstruksiebedryf


Aktiwiteit in die konstruksiebedryf het traag gebly. Reekse soos die totale ure gewerk, die waarde van groothandelsverkope van boumateriaal, die waarde van bouplanne goedgekeur, die waarde van geboue

voltooi en die volume van sement geproduseer, het almal tot Augustus 1972 afgeplat. Nuwe voorskotte wat deur bouverenigings toegestaan is vir die oprigting van geboue, het egter na April 1972 tot 'n aansienlik hoër vlak gestyg en dit mag op 'n hoër aktiwiteit in woongeboukonstruksie dui.

Ander aanwysers

Die betreklike traagheid van ekonomiese bedrywigheid is ook bevestig deur die neigings van sulke aanwysers

Algemene ekonomiese aanwysers



soos die waarde van klein- en groothandelsverkope teen konstante pryse, die waarde van invoere, versendings van gewalste en getrekte staalprodukte na die binnelandse mark, die aantal nuwe maatskappye geregistreer, die aantal maatskappye gelikwedeer, die aantal verbande geregistreer en die aantal aansoeke onder die Fisiese Beplanningwet. Nadat dit gedurende die tweede kwartaal van 1972 herstel het, het die aantal motorvoertuie verkoop gedurende die daaropvolgende vier maande gedaal. Die waarde van uitvoere, ton-kilometer van inkomstetraende verkeer van die S.A.Spoorweë en bankdebiteringe het weer, aan die ander kant, aansienlike toenames gedurende die eerste drie kwartale van 1972 getoon.

Geen verdere toename in werkloosheid

In ooreenstemming met ontwikkelings in reële ekonomiese bedrywigheid, het die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs gedurende die eerste vyf maande van 1972 skerp toegeneem, voordat dit gedurende die daaropvolgende vyf maande afgeplat het tot 13 048 in Oktober 1972. Hierdie indeks dui dus 'n matige verandering in sakebedrywigheid teen of ná die middel van 1972, aan.

Pryse

Skerp styging in pryse gedurende die derde kwartaal van 1972

Gedurende die derde kwartaal van 1972 het verbruikerspryse skerp gestyg maar die koers van toename het in Oktober verlangsaam. Die versnelling van pryse is hoofsaaklik veroorsaak deur aansienlike toenames in die pryse van voedsel en dienste. In laasgenoemde geval, het items soos munisipale belasting en teater-toegangsgelde groot toenames getoon, terwyl die buitengewone styging in die pryse van groente en vleis die grootste bydraes tot die styging in voedselpryse gelewer het. In werklikheid het die styging in voedselpryse meer as 'n derde tot die totale toename in pryse

Verbruikerspryse

Jaarlikse persentasiekoerse van verandering in seisoensaangesuiwerde indekse

	Okt. 1971- Okt. 1972
Dienste:	7,5
Behuising	7,7
Ander	7,1
Goedere:	7,2
Voedsel	9,1
Meubels en toerusting	6,2
Klerasie en skoeisel	5,6
Aankoop van voertuie	7,7
Ander	5,6
Totaal	7,3

gedurende die derde kwartaal bygedra. Ten spyte van algemeen gunstige klimaatstoestande het 'n kort koue tydperk groenteproduksie nadelig beïnvloed en dit het 'n skerp tydelike styging in pryse veroorsaak, terwyl die tekort in die aanbod van vleis blykbaar meer ernstig van aard is.

Pryse van motorvoertuie en -toebehore en brandstof het ook aanmerklik toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van hoër invoerpryse wat met die devaluasie van die rand in verband gebring kan word. As gevolg van die skerp versnelling in pryse gedurende die derde kwartaal van 1972, het die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks met 7,2 persent vanaf September 1971 tot September 1972 gestyg, terwyl die gemiddelde vir hierdie twaalfmaand-tydperk 6,4 persent hoër as vir die voorafgaande twaalf maande was. Vanaf Oktober 1971 tot Oktober 1972 was die koers van toename ongeveer dieselfde.

Groothandelspryse het ook teen 'n historiese hoër koers van 9,5 persent gedurende die twaalf maande vanaf September 1971 tot September 1972 gestyg, hoofsaaklik as gevolg van aansienlike toenames in die pryse van landbouprodukte (15,4 persent) en ingevoerde goedere (13,6 persent). Die gemiddelde van die seisoensaangesuiwerde indeks van groothandelspryse vir die twaalf maande tot September 1972 was 6,8 persent hoër as gedurende die voorafgaande twaalf maande. Aangesien pryse van landbouprodukte nouliks teen dieselfde koers as gedurende die derde kwartaal kan aanhou styg, en omdat verwag kan word dat die opwaartse aanpassing van pryse van ingevoerde goedere wat verband hou met die devaluasies van die rand gedurende die komende maande kleiner sal wees, sal die koers van toename in groothandels- en verbruikerspryse gedurende die komende tydperk waarskynlik laer wees.

Betalingsbalans

Verdere aansienlike verbetering in globale betalingsbalans

Die betalingsbalans in sy geheel het gedurende die derde kwartaal van 1972 voortgegaan om 'n aansienlike oorskot, wat R153 miljoen bedra het, te toon. Vir die eerste nege maande van 1972 het die betalingsbalans in geheel 'n oorskot van R338 miljoen getoon, vergeleke met 'n tekort van R221 miljoen gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1971. Die ekonomiese beleid wat deur die owerhede nagestreef word, tesame met die gunstige binnelandse en internasionale ekonomiese ontwikkelings, het suksesvol geblyk te wees in die verstewiging van die betalingsbalans en het sodoende die beperking van die betalingsbalanstekort op binnelandse ekonomiese groei uit die weg geruim.

Hierdie verbetering in die betalingsbalans was 'n oorweging in die besluit van die regering om vanaf 25 Oktober na 'n nuwe effektiewe pariteitswaarde

van die rand terug te keer, nadat dit vanaf 30 Junie toegelaat is om saam met sterling teenoor ander geldeenhede afwaarts te sweef. Die nuwe pariteitswaarde van die rand is op R29,75 per fyn ons goud vasgestel, wat 'n devaluasie van 4,20 persent in terme van die pariteitswaarde soos vasgestel in Desember 1971, verteenwoordig. In die praktyk beteken die nuwe pariteitswaarde in werklikheid 'n appresiasie van ongeveer 4 persent van die bestaande markwisselkoerse van die rand. Die Reserwebank het ook besluit om vanaf 25 Oktober vaste aankoop- en verkoopkoerse vir die V.S.A.-dollar in plaas van sterling te kwoteer. Die doelstelling met hierdie maatreëls was om die beste ewewig tussen die mikpunte van groei en stabiliteit te verkry. So was die terugkeer tot 'n vaste pariteitskoers teen 'n hoër wisselkoers daarop gemik om groter sekerheid mee te bring met betrekking tot Suid-Afrika se internasionale handel en kapitaalbelegging, terwyl dit ook die koste van invoere verminder en só bydra tot die bekamping van inflasie. Terselfdertyd het die vasstelling van die nuwe pariteitskoers op 'n peil van 4,20 persent onder die peil wat voorheen gegeld het, plaaslike ondernemings, in besonder uitvoerders, in 'n meer gunstige posisie gestel as wat hulle voor die swewing van die rand was.

Volgehoue verbetering op lopende rekening


'n Volgehoue verbetering op die lopende rekening was in 'n groot mate vir die toename in die oorskot op die betalingsbalans in sy geheel verantwoordelik. Gedurende die derde kwartaal van 1972 het die lopende rekening van die betalingsbalans 'n oorskot van R91 miljoen getoon, vergeleke met R20 miljoen in die tweede kwartaal van 1972. Dit het die totale tekort vir die eerste nege maande van die jaar na slegs R7 miljoen afgebring, vergeleke met 'n tekort van R788 miljoen vir die ooreenstemmende tydperk in 1971. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het die saldo op lopende rekening nou vir sewe opeenvolgende kwartale vanaf 'n tekort van R1 505 miljoen in die eerste kwartaal van 1971, tot 'n oorskot van R371 miljoen in die derde kwartaal van 1972 verbeter.

Hierdie verdere verbetering in die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende die derde kwartaal van 1972 kan aan 'n skerp styging in die netto goudproduksie en goedere-uitvoere en 'n daling in goedere-invoere toegeskryf word. Onsigbare betalings aan die res van die wêreld het, aan die ander kant, gedurende die derde kwartaal redelik skerp gestyg.

Die netto goudproduksie het vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R1 081 miljoen in die tweede kwartaal tot nie minder nie as R1 258 miljoen in die derde kwartaal van 1972 gestyg. Hierdie verdere aansienlike styging in die netto goudproduksie is bereik niesteenstaande die afname in die fisiese volume van goudproduksie en die toevoeging van 'n groot gedeelte van nuutontginde goud tot die amptelike reserwes teen die statutêre prys. Die toename in die

netto goudproduksie kan aan 'n verdere skerp styging in die goudprys op die private mark toegeskryf word, en in 'n mindere mate ook aan die hoër ontvangste in terme van rand vanweë die depresiasie van die rand.


Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



Totale kapitaalbewegings



Die gemiddelde Londense goudprys het vanaf R41,51 per fyn ons gedurende die tweede kwartaal tot R52,75 per fyn ons gedurende die derde kwartaal, of met soveel as 27 persent, gestyg.

Goedere-uitvoere het gedurende die eerste drie kwartale van 1972 ook aansienlik toegeneem. Afgesien van die hoër randwaarde van uitvoere as gevolg van die devaluasie in Desember en die verdere depresiasie van die rand vanaf Junie, het internasionale kommoditeitsmarkte ook aansienlik verbeter en tot die hoër opbrengs van die uitvoer van diamante en suiker bygedra. Vir die eerste nege maande van 1972 het goedere-uitvoere R1 554 miljoen bedra, vergeleke met R1 111 miljoen gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1971.

Goedere-uitvoere en -invoere

Seisoensaangesuiwerde jaarkoers - R miljoen

	Uitvoere	Invoere
1971-4de kwartaal	1 680	2 838
1972-1ste kwartaal	1 793	2 829
-2de kwartaal	2 105	2 754
-3de kwartaal	2 315	2 647

Maandsyfers van goedere-invoere het, gedeeltelik as gevolg van dokstakings in die Verenigde Koninkryk, gedurende die derde kwartaal skerp geskommel, maar die kwartaalsyfers het 'n volgehoue afwaartse beweging vanaf die begin van 1971 getoon. Indien die aansienlike styging in invoerpryse as gevolg van die devaluasie en depresiasie in ag geneem word, moes die volume van invoere derhalwe aanmerklik afgeneem het. Die verslapping van invoerbeheer op 2 Junie en 25 Julie het nie die neiging van goedere-invoere verander nie en met die oog op die volgehoue verbetering in die betalingsbalans, het die owerhede op 25 Oktober 'n verdere verslapping van invoerbeheer vir 1973 aangekondig.

Belangrike veranderinge het ook in die samestelling van invoere gedurende die derde kwartaal van 1972 voorgekom. Nadat die invoer van tekstiele gedurende 1971 en die eerste helfte van 1972 matig gestyg het, het dit gedurende die derde kwartaal skerp afgeneem, en matige afnames is ook in die invoer van basiese metale, mineraalprodukte en masjinerie en elektriese toerusting aangeteken. Die invoer van vervoertoe-rusting, aan die ander kant, het gedurende die derde kwartaal skerp gestyg.

Netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld het gedurende die derde kwartaal aansienlik gestyg, hoofsaaklik as gevolg van die opwaartse aanpassings van vraggelde en 'n toename in uitgawes deur toeriste oorsee. Ontvangste vir dienste het egter ook 'n skerp toename getoon as gevolg van 'n styging in die besteding deur buitelandse werkers in Suid-Afrika.

Skerp afname in netto kapitaalinvloeiing

'n Verdere klein netto invloeiing van kapitaal het ook tot die verstewiging in die betalingsbalans bygedra. Gedurende die derde kwartaal van 1972 het die netto invloeiing van kapitaal R62 miljoen bedra, vergeleke met R137 miljoen in die tweede kwartaal. Hierdie afname in die netto invloeiing, in besonder in die invloeiing na die private sektor, kan toegeskryf word aan sulke faktore soos valutabeheerbepelings op portefeuljebeleggings wat deur die Verenigde Koninkryk op 23 Junie ingestel is, die volgehoue verbetering in die binnelandse kapitaalmarktoestand, en die dalende neiging in goedere-invoere. Gedurende die eerste nege maande van 1972, het die netto invloeiing van kapitaal slegs R345 miljoen bedra, vergeleke met R567 miljoen gedurende dieselfde tydperk in 1971.

Soos in die bygaande tabel aangetoon word, het die samestelling van die netto invloeiing van kapitaal ook gedurende die derde kwartaal van 1972 aanmerklik verander. Die netto invloeiing van kapitaal na die private sektor het in die derde kwartaal skerp afgeneem, nadat dit gedurende die eerste helfte van die jaar aansienlik gestyg het. Indien die skerp styging in die buitelandse langtermynlenings van openbare korporasies en plaaslike owerhede uitgesluit word, het daar in werklikheid 'n uitvloeiing van fondse van die res van die private sektor in die derde kwartaal voorgekom. Hierdie uitvloeiing, wat foute en onaangetekende transaksies asook handelskrediete insluit, weerspieël in 'n groot mate die skerp styging in korttermyn buitelandse bates. Ander langtermynkapitaal het gedurende die derde kwartaal 'n voortgesette invloeiing na die private sektor getoon, alhoewel die netto bedrag kleiner as gedurende die tweede kwartaal was.

'n Ander belangrike verandering wat in die samestelling van die netto invloeiing van kapitaal gedurende

die derde kwartaal voorgekom het, was die skerp styging in die buitelandse langtermynlenings van die sentrale regering. Nadat 'n terugbetaling op buitelandse lenings gedurende die eerste helfte van 1972 gemaak is, het die sentrale regering (insluitende die Poskantoor en die S.A.Spoorweë) gedurende die derde kwartaal 'n netto bedrag van R66 miljoen in die buiteland geleen.

Verdere toename in goud- en ander buitelandse reserwes


Die netto resultaat van die oorskot op die lopende rekening en die invloeiing van kapitaal, was 'n toename van R153 miljoen in die goud- en ander buitelandse reserwes as gevolg van betalingsbalanstransaksies. Indien waardasie-aansuiwerings vanweë die swewing van die rand in berekening gebring word, het die totale goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die derde kwartaal met R140 miljoen toegeneem, vergeleke met R157 miljoen gedurende die tweede kwartaal. Sedert die herskikking van wisselkoerse in Desember 1971 het die goud- en ander buitelandse reserwes 'n volgehoue toename getoon, naamlik vanaf R570 miljoen aan die einde van November 1971 tot R1 004 miljoen aan die einde van September 1972. Die goudkomponent van die reserwes het gedurende die derde kwartaal verder gestyg vanweë die toevoeging van 'n gedeelte van nuutontginde goud tot die ampelike reserwes. Vanaf die einde van Junie het die goudreserwes vanaf R381 miljoen tot R451 miljoen aan die einde van September gestyg.

Netto invloeiing van kapitaal, 1972

R miljoene

	1ste kw.	2de kw.	3de kw.
Private sektor	140	197	29
Netto buitelandse aankope op die Johannesburgse Effektebeurs	62	59	3
Langtermynlenings van openbare korporasies en plaaslike owerhede	19	35	97
Ander langtermynkapitaal	71	60	36
Korttermynkapitaal, insl. netto foute en onaangetekende transaksies	-12	43	-107
Sentrale regering en banksektor	6	-60	33
Langtermynlenings van die sentrale regering	-4	-12	66
Ander langtermynkapitaal	-9	—	-4
Korttermynkapitaal	19	-48	-29
Totaal	146	137	62

Goud- en ander buitelandse reserwes



Ontwikkelings gedurende Oktober en November

Gedurende Oktober het die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met 'n verdere R79 miljoen gestyg, vanaf R859 miljoen aan die einde van September tot R938 miljoen op 27 Oktober 1972. Hierdie skerp toename was onder andere die gevolg van 'n waardasie-aansuiwering weens die devaluasie van die rand en vervroegings en vertraging wat in Suid-Afrika se guns gedraai het in afwagting van die hervasstelling van die randpariteit. 'n Ommekeer in die spekulatiewe invloed weens vervroegings en vertraging en die terugbetaling van semi-amptelike lenings en ander amptelike transaksies was hoofsaaklik vir die daaropvolgende skerp afname in die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank na R893 miljoen op 3 November verantwoordelik. Daarna het dit weer tot R916 miljoen op 24 November toegeneem om die totale toename vanaf die einde van September op R57 miljoen te staan te bring.

Die maandsyfers van die Departement van Doere en Aksyns het 'n verswakking in die handelsbalans gedurende Oktober getoon. Hierdie verswakking is hoofsaaklik veroorsaak deur 'n skerp styging in goedere-invoere vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R2 443 miljoen in September tot R3 174 miljoen in Oktober. Hierdie styging kan in 'n groot mate aan die dokstakings in die Verenigde Koninkryk en die insluiting van 'n Boeing-vliegtuig in die Oktober-invoere toegeskryf word. Nadat goedere-uitvoere teen 'n aansienlike koers gedurende die eerste nege maande van 1972 toegeneem het, het dit teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers vanaf R2 022 miljoen in September effens tot R1 990 miljoen in Oktober afgeneem.

Monetêre en banktoestand

Groot toename in hoeveelheid geld en kwasi-geld

Gedurende elkeen van die eerste drie kwartale van 1972 het die hoeveelheid geld en kwasi-geld teen 'n progressief vinniger koers toegeneem en vir die eerste nege maande van 1972 in sy geheel het dit teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van meer as 13 persent gestyg. Die verhouding van die gemiddelde hoeveelheid geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk het gedurende die derde kwartaal van 1972 op 'n byna onveranderde peil van ongeveer 28,8 persent bly staan. Dit dui daarop dat as gevolg

Toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld

Seisoensaangesuiwerde jaarkoers

Jaar	Kwartaal	Persentasie
1971		7
1972-1ste kwartaal		9
-2de kwartaal		12
-3de kwartaal		18

Verhouding van geld en kwasi-geld tot bruto binnelandse produk



van die stygende pryse van goedere en dienste die redelik aansienlike toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld oor die afgelope drie kwartale slegs gelyke tred gehou het met die styging in die bruto binnelandse produk.

Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld

Die toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die derde kwartaal is weer eens, net soos gedurende die tweede kwartaal, grotendeels verklaar deur die volgehoue vinnige styging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes. Bankkrediet aan die private sektor het gedurende die derde kwartaal egter ook aanmerklik gestyg en daardeur tot die toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld bygedra, terwyl dit gedurende die tweede kwartaal min verandering getoon het. Bankkrediet aan die regeringsektor het gedurende die derde kwartaal eweneens ietwat toe-

Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld


R miljoen

	1972		
	1ste kw.	2de kw.	3de kw.
Netto goud en ander buitelandse reserwes	48	206	152
Eise teen die regeringsektor:			
Bruto eise	7	200	152
Deposito's (toename -; afname +)	-103	-139	-123
Netto eise	-96	61	28
Eise teen die private sektor	121	-35	156
Langtermyn private deposito's (toename -; afname +)	-117	-31	-164
Netto ander laste en bates	-47	22	27
Totale verandering in geld en kwasi-geld	-91	222	198

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



geneem, teenoor 'n daling gedurende die tweede kwartaal indien seisoensbewegings in ag geneem word. Die baie groot toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes sedert die begin van die jaar, en die uitwerking daarvan op die likwiditeit van die private sektor, het in werklikheid tot dusver nog nie gepaard gegaan met enige opmerkbare afname in die regeringsektor se netto skuldposisie teenoor die banksektor soos byvoorbeeld in 1968 die geval was nie. Langtermyndeposito's van die private sektor by die banksektor het, aan die ander kant, gedurende die derde kwartaal weer aansienlik gestyg en die toename in die geld- en kwasi-geld-aanbod verminder. Sedert die begin van 1972 het hierdie deposito's met heelwat meer as R300 miljoen toegeneem. Die gewildheid van langtermyndeposito's by banke sowel as bouverenigings was in werklikheid 'n belangrike kenmerk van die finansiële markte gedurende die eerste drie kwartale van 1972.

Bankkrediet aan die private sektor

'n Groot gedeelte (R87 miljoen) van die toename van R156 miljoen in bankkrediet aan die private sektor gedurende die derde kwartaal van 1972 word verklaar deur die seisoenstyging in kaskredietvoorskotte wat deur die Landbank toegestaan is. Die handelsbanke het hul krediet aan die private sektor gedurende die derde kwartaal met R33 miljoen verminder. Hoewel dit dui op 'n gebrek aan vraag na bankkrediet van sake-ondernemings teen die heersende uitleenkoerse, het die diskonteringe en voorskotte van die banke gedurende September taamlik aansienlik gestyg, terwyl voorlopige gegewens dui op 'n verdere aanmerkbare toename in die banke se uitleenbedrywighede gedurende Oktober. In teenstelling met die handelsbanke, het die krediet wat deur die aksepbanke en die monetêre huurkoop- en algemene banke aan die private sektor verleen is, gedurende die derde kwartaal met R106 miljoen gestyg, hoofsaaklik gedurende September. Diskonteringe en voorskotte was verantwoordelik vir R68 miljoen, waarvan ongeveer een-derde uit huurkoopkrediet bestaan het.

Nuwe metode van kredietbeheer

Die metode van kredietbeheer is verander met die aankondiging deur die Reserwebank van die afskaffing van die kredietplafonne vanaf 1 November 1972 en die instelling van aanvullende kontant- en likwiede batevereistes onder die gewysigde Bankwet wat eweneens vanaf daardie datum in werking getree het. Vanaf die datum van sertifisering van hul Maandopgawes ten opsigte van die einde van Oktober 1972 moet alle bankinstellings likwiede bates aanhou tot 'n bedrag wat minstens gelyk is aan die totaal van 45 persent van hul korttermynverpligtings, 28 persent van hul middeltermynverpligtings, 5 persent van hul langtermynverpligtings en 10 persent van hul aksepbankverpligtings. Daar is ook bepaal dat van die aanvul-

lende likwiede bates 'n bedrag van nie minder nie as 10 persent van hul korttermynverpligtings by die Nasionale Finansiële Korporasie gehou moes word.

Hoewel daar nog geen inligting beskikbaar is met betrekking tot die likwiditeitsposisie van die banke onder die nuwe voorskrifte nie, is die persentasies op so 'n peil vasgestel dat die oorskot likwiede bates van die banke ruimte vir verdere kredietverlening sal laat, veral in die lig van die stygende goud- en ander buitelandse reserwes wat hul likwiede bates laat toeneem. Onder die ou likwiede batevereistes het die oorskotlikwiede bateverhouding van die banke gedurende die derde kwartaal van 1972 tot meer as 6 persent gestyg, die hoogste verhouding sedert Februarie 1969.

Korttermynrentekoerse

Nadat dit in Augustus 1972 tot 'n lae peil gedaal het, het korttermynrentekoerse gedurende September en Oktober weer matig gestyg. So het die koers op VDS-e van 90 dae vanaf 5,0 persent op 25 Augustus tot 5,7 persent op 27 Oktober gestyg, terwyl die skatkiswissel-tenderkoers oor dieselfde tydperk vanaf 4,39 persent tot 4,92 persent gestyg het. Dit wil voorkom asof hierdie stygings verband gehou het met die laer koers van toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes, 'n verskuiwing van fondse na die regeringsektor, en die daling in krediet wat deur die Reserwebank en die Nasionale Finansiële Korporasie aan die Landbank verleen is.

Staatsfinansies

Met gegewens oor die Skatkisrekening tans vir die eerste helfte van die 1972/73 fiskale jaar beskikbaar d.w.s. vir die ses maande vanaf April tot September 1972, kan interessante vergelykings met die begrotingsramings gemaak word. Hierdie vergelykings toon byvoorbeeld 'n koers van toename in inkomstebelastingontvangstes gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar wat aansienlik hoër is as waarvoor vir die fiskale jaar as geheel begroot is. Binnelandse inkomste-ontvangstes, hoofsaaklik in die vorm van inkomstebelasting, het gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar met 23 persent gestyg, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk die vorige fiskale jaar, teenoor 'n toename van 10 persent waarvoor in die begroting vir die 1972/73 fiskale jaar as geheel voorsien is. Terselfdertyd was leningsfondse wat deur die Skatkis veral aan organisasies soos die Suid-Afrikaanse Spoorweë, die Poskantoor, die Landbank en die provinsiale administrasies, voorsien is in totaal veel hoër gedurende die eerste helfte van die huidige fiskale jaar as gedurende voorafgaande jare, toe 'n groter gedeelte van hul leningsfondse gedurende die tweede helfte van die jaar opgeneem is. Gedurende die huidige fiskale jaar is 66 persent van die totale leningsbewilligings gedurende die eerste helfte van die jaar aan hierdie organisasies uitgereik, vergeleke met 28 persent gedurende die ooreenstemmende

tydperk die vorige jaar. Die netto resultaat van hierdie ontwikkelings was dat die tekort op die Skatkisrekening gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar R403 miljoen bedra het, of ongeveer 50 persent van die tekort van R803 miljoen wat vir die 1972/73 fiskale jaar verwag word. Hierdie persentasie is heelwat hoër as dié van vorige jare en kan toegeskryf word aan die konsentrasie van leningsuitreikings gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar, wat gewoonlik in die tweede helfte gemaak word.

'n Ander kenmerk van die staatsfinansies gedurende die eerste helfte van die 1972/73 fiskale jaar was dat die Skatkis nie slegs sy totale tekort deur middel van nie-bankbronne gefinansier het nie, maar ook sy netto skuldposisie teenoor die banksektor met R48 miljoen verminder het. Hierdie ontwikkeling, wat in skerp teenstelling met toestande gedurende die eerste helfte van die 1971/72 fiskale jaar staan, is hoofsaaklik teweeg gebring deur die gunstige reaksie op effekte-uitgiftes van die regering, hoofsaaklik gedurende Mei en Junie toe 'n netto bedrag van R472 miljoen opgeneem is, insluitende R78 miljoen deur die Staatsskuldkommissaris en R183 miljoen deur die private nie-banksektor. Op die nuwe uitgiftes gedurende Oktober 1972 is 'n netto bedrag van R47 miljoen ontvang, hoofsaaklik van die banksektor (R17 miljoen), versekeraars en pensioenfondse (R13 miljoen) en bouverenigings (R5 miljoen).

Die maatreëls wat deur die Regering aangekondig is om die ekonomie te stimuleer, soos die verslapping van huurkoopbeperkings, die verlaging van die Bankkoers en ander amptelike rentekoerse, die afskaffing van die kredietplafonne en die besluit om die 1966-leningsheffing in Desember terug te betaal, is in November uitgebrei toe verlagings in die verkoopreg op sekere produkte deur die Minister van Finansies aangekondig is. Dit het verskeie huishoudelike toerusting en toestelle, motors en ander passasiersvoertuie en sekere motorfietsse, outofietsse en fietsse met hulpmotors toegerus, ingesluit. Dié toegewings het op 17 November in werking getree.

Kapitaalmark

Die kapitaalmark het gedurende die derde kwartaal verder verruim. Bouverenigings het 'n groot bedrag aan bykomende fondse ontvang, die opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte het verder afgeneem en aandelepryse het hul styging volgehou.

Groot invloed van fondse na bouverenigings

Daar was gedurende die derde kwartaal 'n sterk toename in die vloei van fondse na depositonemende instellings. Nuwe beleggings in deposito's en bouverenigingaandele by handelsbanke, ander monetêre bankinstellings en bouverenigings het R447 miljoen of meer as dubbeld die vorige rekordinvloeiing gedurende die derde kwartaal van 1969, bedra. Soos die

Bouverenigings

R miljoene

	Netto invloeiing van fondse	Toename in uitstaande voorskotte	Nuwe voorskotte toegestaan
1971	329	342	583
1972—1ste kw.	78	64	145
—2de kw.	111	74	208
—3de kw.	192	105	262

bygaande tabel aantoon, het die invloeiing van fondse na bouverenigings gedurende 1972, veral gedurende die derde kwartaal, aansienlik toegeneem. Die invloeiing van fondse gedurende die eerste nege maande van 1972 het in werklikheid reeds die totale invloeiing vir 1971 as geheel oorskry en alles dui daarop dat 1972 'n rekord-jaar vir die bouverenigings gaan wees. Hierdie groot invloeiing van fondse het voorgekom ten spyte daarvan dat die bouverenigings hul leenkoerse op 18 Augustus tot $\frac{1}{2}$ persent onder die maksimumkoerse wat onder bestaande rentekoersplafonne toelaatbaar is, verlaag het. Uitstaande voorskotte en nuwe voorskotte toegestaan het gedurende die derde

kwartaal van 1972 ook aanmerklik gestyg en nuwe rekordvlakke bereik. Boonop was dit ook vir bouverenigings moontlik om meer in staatseffekte en ander voorgeskrewe beleggings te belê.

Die toename in die invloeiing van fondse na bouverenigings het hulle in staat gestel om aan die grootste deel van die vraag na kleiner huislenings te voldoen, maar die bepaling in die Bouverenigingwet dat lenings groter as R15 000 nie meer as 25 persent van die verenigings se totale bates mag bedra nie, het dit moeiliker vir leners gemaak om groter lenings te bekom. Na samesprekings met die bouverenigings, het die owerhede hulle toegelaat om tydelik die 25 persent-perk met $2\frac{1}{2}$ persent te oorskry, tot tyd en wyl die Tegnieuse Komitee oor Bank- en Bouvereniging-wetgewing sy aanbevelings in dié verband gemaak het.


Verdere verruiming van die mark vir vaste-rentedraende effekte

Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte is op 10 Augustus 1972 vanaf $8\frac{1}{2}$ persent tot $8\frac{1}{4}$ persent en op 8 September tot $8\frac{3}{8}$ persent verlaag. Die opbrengskoerse wat op nuwe uitgiftes van langtermyn-semi-prima-effekte gekwoteer is, het reeds voor die

Bouverenigings

R miljoene

Toename in aandele en deposito's




Nuwe verbandlenings toegestaan



Rente- en opbrengskoerse

%



afwaartse aanpassing in die opbrengskoers op staats-effekte begin afneem. Eersgenoemde koers het gedurende die eerste kwartaal van 1972 'n hoogtepunt van 9,35 persent bereik en daarná gedurende die daaropvolgende maande afgeneem tot 'n peil van 8,4 persent in Oktober 1972. Hierdie veranderings het tot gevolg gehad dat die gaping tussen hierdie opbrengskoers en dié op prima-effekte afgeneem het vanaf 0,85 persent gedurende die eerste kwartaal tot 0,26 persent in Oktober 1972. Hierdie marge is baie klein vergeleke met wat dit in die verlede was, en is inderdaad die laagste syfer wat die afgelope nege jaar aangeteken is. Dit is ook baie laer as die gemiddeld van 0,65 persent vir die afgelope dekade.

Volgehoue styging in aandelepryse

Die prysindeks vir alle klasse aandele het gedurende die derde kwartaal van 1972 verder gestyg en in Oktober min of meer onveranderd gebly. Die aantal aandele wat gedurende die derde kwartaal verhandel is, was egter kleiner as gedurende die voorafgaande kwartaal, gedeeltelik as gevolg van 'n afname in aankope deur buitelanders van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word. Bruto aankope deur buitelanders het vanaf R102 miljoen in die tweede kwartaal tot R62 miljoen in die derde kwartaal afgeneem, terwyl netto aankope 'n nog groter afname van R59 miljoen tot R3 miljoen in dieselfde tydperk getoon het. Hierdie afname kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die instelling van valutabeheer op beleggings in sekere sterlinggebiedlande deur die owerhede in die Verenigde Koninkryk.

Dividendopbrengskoerse op aandele het verder afgeneem en het aan die einde van September 1972 4,4 persent vir alle klasse aandele bedra. Die omgekeerde rendementsgaping tussen hierdie opbrengskoers en dié op langtermynstaatseffekte het in September 1972 3,7 persent bedra, ongeveer dieselfde as in Junie.

Verklaring insake die Komitee van Ondersoek na Suid-Afrika se posisie onder die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel (AOTH)

Uitgereik deur Sy Edele die Minister van Ekonomiese Sake, Mnr. S. L. Muller

4 Oktober 1972

Die Komitee van senior verteenwoordigers van die openbare en private sektore wat die Regering onder die voorsitterskap van mnr. G. J. J. F. Steyn, Sekretaris van Handel, aangestel het om ondersoek in te stel na die mate waartoe Suid-Afrika se verpligtinge onder die AOTH versoenbaar is met die land se noodsaaklike ontwikkelingsbehoefte, asook na die stappe wat die Regering kan doen om enige probleme wat sy voorgesette AOTH-lidmaatskap vir die doeltreffende beskerming van plaaslike produsente en nywerars meebring, te oorbrug, het so pas sy ondersoek voltooi en sy verslag aan my as 'n vertroulike dokument voorgelê.

Die Komitee het tot die gevolgtrekking gekom dat die breë reeks van tariefverpligtinge op vervaardigde goedere wat die Regering onder die AOTH aanvaar het, asook die feit dat so 'n groot aantal van Suid-Afrika se doeanetariere ten opsigte van vervaardigde goedere op besonder lae peile onder die AOTH teen verhoging gebind is, gepaardgaande met die wesentlike probleme wat die Regering ondervind om volgens die voorgeskrewe AOTH-prosedures onthefings van hierdie verpligtinge te beding, 'n werklike struikelblok vir die land se volgehoue ekonomiese ontwikkeling, en veral vir sy verdere nywerheidsontwikkeling, verteenwoordig.

Die Komitee het dit as sy vaste oortuiging uitgespreek dat die verdere uitbreiding van die nywerheidssektor onontbeerlik is vir die land se volgehoue ekonomiese welvaart, asook vir die behoud van gesonde sosio-politieke verhoudinge in Suid-Afrika en die verskaffing van ruimer en meer lonende werkgeleenthede vir die land se uitbreidende bevolking van alle rasse-groepe. Die Komitee is egter ook ewe oortuig daarvan dat die gewenste nywerheidsuitbreiding in Suid-Afrika nie behaal sal kan word tensy die Regering oor die nodige vryheid beskik om in verdienstelike gevalle doeltreffende en voldoende beskerming aan plaaslike nywerars te verleen nie.

Die Komitee het beklemtoon dat die AOTH, in sy strewe na 'n vryer wêreldhandel, spesifiek erkenning verleen aan die gebruik van doeaneregte as die enigste toelaatbare instrument wat die ontwikkelde lande vir beskermingsdoeleindes mag aanwend. Hoewel Suid-Afrika, vir die doeleindes van die AOTH-reëls, as 'n ontwikkelde land beskou word, het hy by verre na nog nie die ontwikkelingspeil bereik wat normaalweg met dié van 'n ontwikkelde land geassosieer word nie. Suid-Afrika bevind hom dus in die onbenydenswaardige posisie dat hy nie invoerbeheer vir beskermingsdoeleindes mag gebruik nie, terwyl sy gebruik van die enigste ander toelaatbare beskermingsmiddel, naamlik doeanetariere, in 'n aansienlike mate beperk word

vanweë die omvang van sy tariefgebondenheid onder die AOTH asook sy onvermoë om in 'n voldoende mate en betyds verligting van hierdie tariefverpligtinge volgens die neergelegde prosedures van die AOTH te beding.

Die Komitee is van mening dat Suid-Afrika, in die lig van die AOTH se basiese doelstelling, soos in die aanhef van die Ooreenkoms omskryf, volkome die reg het om met behulp van selektiewe tariefbeskerming die gesonde groei van die land se nywerheidssektor te bevorder en dat sy uitoefening van hierdie reg nie as onversoenbaar met die bepalinge van die Ooreenkoms, in sy geheel gelees, beskou kan word nie.

Die Komitee het egter ook bevind dat, ondanks die breë omvang van Suid-Afrika se tariefverpligtinge onder die AOTH en die besondere probleme wat hierdie verpligtinge vir die verlening van voldoende en doeltreffende tariefbeskerming aan plaaslike vervaardigers meebring, daar nog talle poste in die Suid-Afrikaanse doeanetarief is wat nie onder die AOTH gebind is nie en ten opsigte waarvan die Regering dus wel oor die nodige vryheid beskik om tariefbeskerming aan plaaslike nywerhede te verleen. 'n Hele aantal van hierdie ongebonde tariefposte het betrekking op goedereklasse waarvan die invoere nog steeds effektief onder invoerbeheer beperk word.

Die Komitee het aanbeveel dat plaaslike vervaardigers van hierdie goedereklasse wat verlang dat die Regering voldoende tariefbeskerming aan hulle sal verleen ter vervanging van die toevallige beskerming wat hulle tans nog onder invoerbeheer geniet, teen 15 Desember 1972 ten laaste gemotiveerde aansoeke om sodanige beskerming by die Raad van Handel en Nywerheid moet indien. As geen sodanige aansoeke om tariefbeskerming op daardie datum van plaaslike vervaardigers ontvang is nie, sal die betrokke goedereklasse van invoerbeheer vrygestel word.

Wat betref die probleme wat die Regering vanweë Suid-Afrika se AOTH-tariefverpligtinge ondervind om die verdere ekonomiese groei van die nywerheidssektor te bevorder, het die Komitee verskeie stappe aanbeveel wat die Regering na sy mening behoort te volg ten einde, waar nodig, effektiewe beskerming aan plaaslike nywerars te verleen. Algemeen gesproke is hierdie stappe daarop gemik om die Regering in staat te stel om, sover dit prakties moontlik mag wees, sy beleid van selektiewe nywerheidsbeskerming doeltreffend deur te voer op 'n wyse wat nie met sy AOTH-verpligtinge sal bots nie. Terselfdertyd het die Komitee egter die moontlikheid voorsien dat selfs die allerbeste pogings van die Regering se kant om oplossings vir hierdie probleme te vind wat nie met sy AOTH-verpligtinge sal bots nie, moontlik nie mag slaag nie. En, in

daardie gevalle sal die Regering dan noodgedwonge ander maatreëls moet oorweeg ten einde effektiewe beskerming, waar nodig, aan plaaslike nyweraars te verleen.

Die Regering het die Komitee se aanbevelings in geheel aanvaar in die vaste vertroue dat hy sodoende vir altyd 'n einde sal maak aan al die bespiegeling en onsekerhede wat die aard en die omvang van Suid-Afrika se AOTH-tariefverpligtinge nog steeds by bestaande en voornemende nyweraars in die land gaande maak.

In besonder het die Regering die aanbeveling aanvaar dat 'n Staande Komitee, saamgestel uit hoofde van departemente en verteenwoordigers van die private sektor, benoem word om van tyd tot tyd die implementering van die Steyn-komitee se aanbevelings in oënskou te neem; om oor belangrike verwickelinge in verband met die toepassing van die AOTH te beraadslaag; en om verdere voorstelle in hierdie verband vir oorweging deur die Regering voor te lê.

Die Regering wil, met sy aanname van hierdie aanbevelings, dus 'n vaste versekering aan bestaande en voornemende nyweraars gee dat hulle daarop kan staatmaak dat, ondanks die bestaan van hierdie verpligtinge, die Regering voortaan die nodige stappe sal doen om aan hulle die mate van beskerming te verleen wat hy in die omstandighede van elke besondere geval as geregverdig beskou.

Verklaring insake terugkering na 'n vaste pariteitswaarde vir die rand

*Uitgereik deur Sy Edele die Minister van Finansies,
Dr. N. Diederichs*

24 Oktober 1972

Op 30 Junie 1972, nadat die Britse Regering die wisselkoers van sterling laat sweef het, het die Suid-Afrikaanse Regering besluit om die bestaande verhouding tussen die rand en die Britse pond te handhaaf, met ander woorde om die rand saam met sterling teenoor ander geldeenhede te laat fluktueer. Die Regering het dit egter duidelik gestel dat hy steeds die beginsel van vaste pari-waardes in terme van goud onderskryf en dat hy dit beoog om so gou doenlik tot 'n effektiewe pari-waarde terug te keer.

Hierdie besluit het die beoogde doel gedien soos blyk uit die feit dat die verbetering in die betalingsbalans wat reeds onderweg was, sedertdien bevestig is en dat die Reserwebank se goud- en ander buitelandse reserwes sedert die swewing van sterling met R177,0 miljoen toegeneem het en tans op R892,4 miljoen staan. Die totale amptelike reserwes het nou reeds die R1 000 miljoenkerf verbygesteek.

Daar is ook toenemende algemene vertroue in die ekonomie en hoewel hierdie verbeterde sake-klimaat nog nie tot dusver voldoende in ekonomiese bedrywighede weerspieël is nie, is toestande tans heelwat meer bevorderlik vir stewiger groei. Die groter krag van die ekonomie, sowel binnelands as teenoor die buiteland, het ook die gevaar dat spekulatiewe verwagtings die kapitaalrekening van die betalingsbalans nadelig kan beïnvloed, uit die weg geruim.

In ooreenstemming met 'n vroeëre aankondiging van die Eerste Minister het die Regering by die eerste geleentheid na my terugkeer van die Jaarvergadering van die Internasionale Monetêre Fonds en my ander samesprekings oorsee, die hele aangeleentheid oorweeg. In die lig van die gunstige verwickelinge waarna ek reeds verwys het, is die Regering van mening dat die tyd nou ryp is om 'n nuwe pari-waarde vir die rand in terme van goud vas te stel.

Die Regering het dus besluit om die pari-waarde van die rand vas te stel op R29,75 per fyn ons goud en het die gepaste konsultasie met die Internasionale Monetêre Fonds aangeknoop. Hoewel hierdie pari-waarde 'n devaluasie van 4,202 persent in vergelyking met die pari-waarde wat in Desember 1971 vasgestel is, beteken, kom dit in die praktyk neer op 'n *appresiasie* van ongeveer vier persent in vergelyking met die tans heersende markwisselkoerse van die rand. Die nuwe pari-waarde sal in werking tree wanneer die valuta-markte môre, 25 Oktober 1972, open.

Hierdie stap maak dit om tegniese redes vir die Suid-Afrikaanse Reserwebank nodig om 'n vaste koop- en verkoopkoers in terme van 'n gepaste geldeenheid met 'n effektiewe pari-waarde te kwoteer. Die Reserwebank sal gevolglik vanaf môre vaste koop- en verkoopkoerse vir die V.S.-dollar in plaas van vir die pond

sterling kwoteer. Die Bank sal voortgaan om koerse vir ander belangrike geldeenhede te kwoteer, wat gebaseer sal word op die markwisselkoerse van die V.S.-dollar teenoor hierdie geldeenhede.

Nie alleen sal die besluit om 'n nuwe effektiewe pari-waarde van die rand op die genoemde peil vas te stel meer sekerheid in ons internasionale handel en kapitaalbeleggings meebring nie, maar verlaag dit ook die koste van ingevoerde benodigdhede en dra sodoende by tot die beteueling van inflasie.

Ondanks 'n sekere afname in die randwaarde van uitvoere op grondslag van huidige markwisselkoerse, sal uitvoerders in werklikheid nog in 'n voordeliger posisie wees as wat hulle voor die swewing van die rand was, veral as in aanmerking geneem word dat buitelandse pryse van baie van ons uitvoerprodukte intussen heelwat verbeter het. Dieselfde geld vir die goudmyne, en daarbenewens sal hulle 'n hoër randprys ontvang vir die goud wat die Reserwebank vir sy amptelike reserwes aankoop.

Deur terug te keer na 'n vaste pari-waarde teen 'n realistiese wisselkoers—'n stap wat moontlik gemaak is deur die stewiger vertoning van die ekonomie—sal die beste balans tussen die doelstellings van groei en stabiliteit bewerkstellig word en sal Suid-Afrika eweneens sy verpligtings teenoor die wêreldgemeenskap ten volle nakom en internasionale monetêre stabiliteit bevorder.

Verklaring insake invoerbeheerbeleid vir 1973

*Uitgereik deur Sy Edele die Minister van Finansies,
Dr. N. Diederichs*

25 Oktober 1972

Die regering het, na noukeurige oorweging van al die toepaslike omstandighede en faktore, besluit om voorlopig die grondbeginsels van die invoerbeheerbeleid soos hierdie beleid gedurende 1972 toegepas was, onveranderd gedurende 1973 voort te sit.

Terselfdertyd het die Regering ook besluit om sekere verslappings van die bestaande invoerbepelings in werking te stel. In hooftrekke behels hierdie invoerbeheerverslappings die volgende stappe:

- (i) die toevoeging van 122 kommoditeite, waarvan die invoer tans aan permitbeheer onderworpe is, tot die lys van goedere wat sonder permit ingevoer kan word; en
- (ii) die oorplasing van een kommoditeitsgroep, naamlik handelsmotorvoertuie en onderdele daarvoor, vanaf die lys van goedere wat slegs onderworpe aan die vasstelling van invoerkwotas vir individuele invoerders ingevoer kan word, na die lys van goedere waarvoor invoerpermitte vryelik toegestaan word om die volle redelike behoeftes van invoerders te bevredig.

Voorts het die Regering besluit om ten opsigte van die volgende kommoditeitsgroepe wat onderworpe is aan of die vasstelling van invoerkwotas of die uitreiking van spesifieke invoerpermitte, aanvanklike permituitreikings vir 1973 van 80 persent van individuele invoerders se permittoekenings vir 1972 te maak:

Algemene handelware.

Klerasie.

Tekstielstukgoedere deur handelaars ingevoer.

Alkoholiese dranksoorte.

Suikergoed.

Farmaseutiese produkte en benodighede in die finale vorm.

Swamdoders, plaagdoders en insektedoders in die finale vorm.

Papier en karton deur handelaars ingevoer.

Hoewel die betalingsbalans gedurende die afgelope jaar in so 'n mate verbeter het dat die toepassing van invoerbeheer as 'n beskermingsmiddel vir die betalingsbalans nie langer geregverdig is nie, het die Regering by herhaling dit duidelik gestel dat invoerbeheer nie op so 'n wyse verslap sal word dat plaaslike vervaardigers wat 'n gemotiveerde saak vir tariefbeskerming voorlê, sonder voldoende en doeltreffende beskerming teen buitelandse mededinging in die plaaslike mark sal moet klaarkom in gevalle waar Suid-Afrika se tariefverpligtinge onder die AOTH dit vir die Regering onmoontlik maak om hierdie nyweraars met behulp van verhoogde doeaneregte te beskerm nie.

Die Regering het dan ook, met die oog op die implementering van hierdie beleidsverklaring, 'n Komitee aangestel om deeglik in te gaan op die pro-

bleme wat Suid-Afrika se lidmaatskap van die AOTH vir die land se verdere ekonomiese ontwikkeling, en veral vir sy verdere nywerheidsontwikkeling, meebring en om aanbevelings voor te lê oor die stappe wat die Regering kan doen om hierdie probleme op te los.

Soos my kollega, die Minister van Ekonomiese Sake, onlangs aangekondig het*, het die Regering die Komitee se verslag en sy aanbevelings in geheel aanvaar. Daar bestaan noodwendig 'n regstreekse verband tussen hierdie aanbevelings en die beleid wat die Regering voortaan met betrekking tot die verslapping van invoerbeheer gaan volg.

Ek wil dit dan ook duidelik stel dat die verslappings van invoerbeheer wat ek hierbo aangekondig het, in geen opsigte 'n afwyking verteenwoordig van die aanbevelings van die AOTH-ondersekkomitee wat die Regering reeds aanvaar het nie.

Verder wil ek herhaal dat die Regering sy onderneming aan nyweraars met betrekking tot die verlening van voldoende beskerming aan hulle, waar dit geregverdig is, ten volle sal nakom, en dat enige verslapping van invoerbeheer nie op sodanige wyse sal geskied dat dit hierdie onderneming ongedaan sal maak nie.

Ek wil ook weer eens nyweraars daaraan herinner dat diegene van hulle wat tans nog indirek deur invoerbeheer beskerm word ondanks die feit dat die Regering in staat is om hulle met behulp van tariewe te beskerm, teen 31 Desember ten allerlaatste ten volle gemotiveerde aansoeke om tariefbeskerming aan die Raad van Handel en Nywerheid moet voorlê indien hulle sou voel dat sodanige tariefbeskerming noodsaaklik sou wees vir hulle voortgesette ekonomiese bedrywighede indien invoerbeheer verslap sou word.

*Kyk bladsy 39.

Verklaring insake gewysigde vorm van kredietbeheer

Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr. T. W. de Jongh

30 Oktober 1972

Soos reeds vroeër bekend gemaak, word die onlangse wysigings van die Bankwet vanaf 1 November in werking gestel. Nadere besonderhede word nou aangekondig oor die aard van die nuwe kredietbeheermaatreëls en die aanvullende likwiede batevereistes waaraan bankinstellings in die toekoms sal moet voldoen.

By die bepaling van sy beleid in hierdie verband moes die Reserwebank vanselfsprekend die hele ekonomiese toestand in die Republiek in aanmerking neem. As gevolg van die verbetering in die betalingsbalans word die algemene monetêre en finansiële klimaat steeds meer bevorderlik vir ekonomiese uitbreiding. Ook het die groot toename in die randwaarde van sowel die goudproduksie as goedere-uitvoere sedert die begin van 1972 alreeds 'n proses van inkomeskepping aan die gang gesit wat verbruiks- en kapitaalbesteding in die komende maande aansienlik behoort te stimuleer. Nietemin wil dit voorkom asof die uitbreiding van binnelandse ekonomiese bedrywigheid voorlopig nog betreklik traag is, en in hierdie stadium steeds aanmoediging verdien.

Aan die ander kant kan die gevaar van inflasie nie uit die oog verloor word nie. Aan die einde van September 1972 was die verbruikersprysindeks 7,2 persent hoër as 'n jaar vantevore. Hierdie toename is wel nie deur oormatige vraag veroorsaak nie – dit is gedeeltelik die nalatenskap van die vroeëre tydperk van „vraagtrek-inflasie” en gedeeltelik die onvermydelike gevolg van faktore soos die wisselkoersaanpassings van die afgelope jaar, die voortgesette wêreldinflasie en die styging in binnelandse voedselpriese. Daarom sou dit klaarblyklik nie gepas wees om die stimulering wat ekonomiese bedrywigheid tans benodig te weerhou in 'n poging om die huidige inflasie deur beperkende monetêre maatreëls te probeer teenwerk nie. Nogtans moet daar gewaak word teen 'n oormatige ekspansionistiese monetêre beleid in hierdie stadium, veral in die lig van die feit dat die hoeveelheid geld en kwasi-geld in Suid-Afrika gedurende die eerste agt maande van 1972 reeds teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van meer as 14 persent toegeneem het, vergeleke met 'n styging van slegs 7 persent gedurende 1971. Die skerp styging gedurende die eerste agt maande van 1972 in geld en kwasi-geld is gedeeltelik veroorsaak deur 'n verdere styging in bankkrediet aan die private sektor teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 7 persent.

Met inagneming van al hierdie oorwegings en ná die gebruiklike oorlegpleging met die Tesourie, het die Reserwebank besluit om die bestaande plafonne op bankkrediet vanaf 1 November 1972 af te skaf en likwiede bate- en kontantreserwevereistes volgens die omskrywings van die gewysigde Bankwet soos volg in te stel.

Elke bankinstelling (behalwe 'n diskontohuis) moet vanaf die datum van sertifisering van sy maandopgawe (Vorm B.W. Nr. 7) vir die maand geëindig 31 Oktober 1972, likwiede bates (insluitende reserwesaldo's) in stand hou tot 'n bedrag minstens gelyk aan die som van:

- (a) 45 persent van sy korttermynverpligtings teenoor die publiek;
- (b) 28 persent van sy middeltermynverpligtings teenoor die publiek;
- (c) 5 persent van sy langtermynverpligtings teenoor die publiek;
- (d) 10 persent van sy verpligtings uit hoofde van aksepte.

Die *aanvullende* likwiede batevereistes wat bo en behalwe die minimum likwiede batevereistes soos deur die Bankwet voorgeskryf, ingestel word, bedra hiervolgens dus 15 persent van die bankinstellings se korttermyn- en 8 persent van hulle middeltermynverpligtings teenoor die publiek. Hierdie vereistes vervang die huidige aanvullende vereistes.

Verder is besluit dat elke bankinstelling (behalwe 'n diskontohuis) vanaf die datum van sertifisering van sy maandopgawe vir die maand geëindig 31 Oktober 1972, 'n *aanvullende* reserwesaldo (bo en behalwe die minimum reserwesaldo van 8 persent van sy korttermynverpligtings teenoor die publiek wat by die Reserwebank gehou moet word) by die Nasionale Finansiëkorporasie in stand moet hou tot 'n bedrag van 10 persent van sy korttermynverpligtings teenoor die publiek. Die minimum en aanvullende reserwesaldo's wat uit hoofde van hierdie bepalings deur die betrokke bankinstellings gehou word, sal natuurlik, soos ook voorheen die geval was, deel vorm van die likwiede bates wat die banke in stand moet hou.

Die bepaling in die gewysigde Bankwet dat aksepte en selflikwiderende wissels en promesses slegs 'n maksimum van 20 persent van die likwiede batevereistes (ander as die reserwesaldovereiste) mag beloop, sal ook ten opsigte van die *aanvullende* likwiede batevereistes geld.

Die nodige kennisgewings om aan hierdie besluite uitvoering te gee, sal binnekort in die Staatskoerant verskyn. Besonderhede betreffende die nuwe vereistes sal ook per omsendbrief deur die Registrateur van Banke aan elke bankinstelling gestuur word.

Geoordeel volgens die beskikbare gegewens vir Augustus en September 1972, laat die nuwe vereistes soos neergelê ruimte vir verdere kredietuitbreiding, veral in die lig van die stygende goud- en ander buitelandse reserwes wat natuurlik die banke se likwiede bates aanvul. Die nuwe vereistes sal vanselfsprekend in heroorweging geneem word soos inligting oor die uitwerking daarvan beskikbaar kom.

Die gewysigde vorm van kredietbeheer wat hiermee aangekondig word, sal meer geleentheid vir gesonde mededinging tussen bankinstellings bied. Banke sal ook meer vryheid hê ten opsigte van die doeleindes waarvoor krediet verleen word, maar 'n ernstige beroep word op hulle gedoen om voorkeur te gee aan die verlening van krediet vir produksie- en uitvoerdoeleindes. In hierdie verband sal daar binnekort same-sprekings met die banke gevoer word.

Opmerking oor tabelle

Tabelle S-62 tot S-65.

Suid-Afrika se buitelandse laste en bates, 1971

Buitelandse laste

Gedurende 1971 het Suid-Afrika se buitelandse laste met die rekord bedrag van R1 215 miljoen toegeneem om aan die einde van 1971 op R7 033 miljoen te staan te kom. Dit verteenwoordig 'n toename van 21 persent, vergeleke met 'n gemiddelde jaarlikse koers van toename van minder as 12 persent gedurende die voorafgaande vyf jaar. Die skerp styging in Suid-Afrika se buitelandse laste gedurende 1971 kan hoofsaaklik aan 'n aansienlike invloeiing van kapitaal ten bedrae van R760 miljoen na sowel die private sektor as die sentrale regering en banksektor toegeskryf word. 'n Verdere aansienlike toename in die onuitgekeerde winste van buitelandse beheerde Suid-Afrikaanse ondernemings en 'n opwaartse herwaardering van buitelandse laste ten bedrae van R212 miljoen as gevolg van die herskikking van wisselkoerse gedurende 1971, het wesenlik tot die aansienlike toename in buitelandse laste bygedra.

Die buitelandse laste van die private sektor het gedurende 1971 met ongeveer 16 persent tot 'n peil van R5 792 miljoen toegeneem. Indien die invloed van die herskikking van wisselkoerse op hierdie toename uitgesluit word, was die koers van toename, net soos in 1970, weer eens ongeveer 14 persent. Gedurende 1971 het die laste van die sentrale regering en banksektor met nie minder nie as R418 miljoen toegeneem, of met ongeveer 51 persent, vergeleke met 'n toename van 39 persent gedurende 1970 en 'n afname van 3 persent gedurende 1969. Alhoewel die herskikking van wisselkoerse ook 'n groot bydrae tot hierdie toename gemaak het, was 'n toename in buitelandse lenings as gevolg van die stram toestande op die binnelandse kapitaalmarkt en die groot aanbod van fondse op die Europese kapitaalmarkt hoofsaaklik vir hierdie styging verantwoordelik.

Die skerp toename in netto buitelandse lenings het hoofsaaklik in die onregstreekse beleggingsektor voorgekom, met die gevolg dat onregstreekse belegging gedurende 1971 met R633 miljoen, of met bykans 34 persent, vergeleke met 26 persent gedu-

rende 1970, toegeneem het. In teenstelling met vorige jare het onregstreekse belegging dus gedurende die afgelope twee jaar 'n aansienlike bydrae tot die styging in totale buitelandse laste gemaak. Onuitgekeerde winste en 'n toename in buitelandse lenings was hoofsaaklik vir die toename van R582 miljoen, of sowat 15 persent, in die laste van die regstreekse beleggingsektor verantwoordelik.

Sedert 1967 het die Wes-Europese lande geleidelik hul aandeel in die totale buitelandse belegging in Suid-Afrika ten koste van dié van die Sterlinggebied-lande verhoog, terwyl die aandeel van die lande in die Dollargebied feitlik onveranderd gebly het. Sodoende het Wes-Europa se aandeel in die totale buitelandse belegging in Suid-Afrika vanaf 17 persent aan die einde van 1967 tot 25 persent aan die einde van 1971 gestyg, terwyl die aandeel van die Sterlinggebied vanaf 64 tot 55 persent gedurende dieselfde tydperk gedaal het.

Buitelandse bates

Veranderings in Suid-Afrika se buitelandse bates word in 'n groot mate deur veranderings in sy goud- en ander buitelandse reserwes beïnvloed. Vanaf die einde van 1968 tot die einde van 1971, het Suid-Afrika se buitelandse bates met slegs R64 miljoen, of sowat 1 persent per jaar, toegeneem as gevolg van 'n daling in die goud- en ander buitelandse reserwes gedurende hierdie drie jaar. Indien die goud- en ander buitelandse reserwes buite rekening gelaat word, het die ander buitelandse bates teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van meer as 12 persent gedurende dieselfde tydperk gestyg. Gedurende 1971 het die totale buitelandse bates met 4 persent gestyg tot 'n bedrag van R2 486 miljoen, vergeleke met 'n toename van 15 persent indien die goud- en ander buitelandse reserwes buite rekening gelaat word.

Die skerp styging in die buitelandse bates, uitgesonderd die goud- en ander buitelandse reserwes, gedurende 1971 is teweeggebring deur ongeveer gelyke toenames in die buitelandse bates van die private sektor en die sentrale regering en banksektor. Die toename van R123 miljoen in die buitelandse bates van die private sektor was hoofsaaklik in die vorm van regstreekse belegging en meer in besonder in die vorm van onuitgekeerde winste van buitelandse ondernemings wat deur Suid-Afrikaanse inwoners beheer word. Die toename van R119 miljoen in die buitelandse bates van die sentrale regering en banksektor, uitgesonderd goud- en ander buitelandse reserwes, was hoofsaaklik die gevolg van 'n verhoging van Suid-Afrika se kwota by die Internasionale Monetêre Fonds.

Gedurende 1971 het Suid-Afrika se totale buitelandse bates in die Sterlinggebied en Wes-Europa aansienlik toegeneem, terwyl die totale buitelandse bates in die Dollargebied, uitgesonderd internasionale organisasies, in werklikheid gedaal het.